

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 15 Jun 2018
Page: 31

AVE: 14787.61
Circulation: 35934
Part: 1 of 1



Dorette Badenhorst

# Netbal: aksie, maar g'n geld

**Annchen Nel**

Verlede jaar het die kampioenspan die lokaas gehad van deelname aan 'n oorsese klubtoernooi.

Sondag word die kampioen in die vyfde aflewering van die nasionale Premierliga-netbalreeks gekroon, maar dit is steeds onduidelik of hy prysgeld gaan verdien.

Die Speler van die Wedstryd ná elke kragmeting het tot dusver 'n tjek vir R3 000 in die sak gesteek, maar dit is onseker hoeveel die Speler van die Toernooi gaan ontvang.

Die uitspeelwedstryde word die naweek op die Tuks-kampus in Pretoria beslis.

Die Flames van Noordwes, wat derde geëindig het, speel vanmiddag 'n uitspeelstryd teen die Kingdom Stars, wat sesde klaargemaak het.

Daarna pak die Crinums (vierde) van die Vrystaat die Fireballs van Gauteng (vyfde).

Die Flames behoort hul wedstryd gemaklik te wen en sal dan môre 'n halfeindstryd speel teen die Jaguars, wat onoorwonne was en dus eerste geëindig het.

Die wenner van die tweede wedstryd speel dieselfde tyd as die Springbok-rugbytoets (teen Engeland) teen die Stings van die Wes-Kaap.

Cecilia Molokwane, die president van Netbal Suid-Afrika (NSA), het verlede maand met die bekendstelling van die toernooi gesê spelers "moet vir trots speel".

'n Bedrag van R800 is beloof vir elke span se twaalftal vir die afgelope vyf naweke.

In vandag se ekonomie kos dit 'n speler baie meer as dit om by oefeninge en wedstryde te kom.

Die Crinums het op 27 Mei hul groepwedstryd teen die Fireballs met 'n enkele punt gewen (44-43) en sake is baie gelykop in dié spanne se stryd.

Dorette Badenhorst, die Fireballs-afrigter, en haar eweknie van die Crinums, Burta de Kock, is albei in hul vyfde jaar aan die stuur van 'n Premierliga-span en ken mekaar goed.

De Kock het al ses doelskieters met gemengde welslae ingespan, terwyl Badenhorst sukkel met diepte onder haar skerpskutters.

■ **Naweek se program: Vandag: 16:00:** Flames t. Kingdom Stars; **18:00:** Crinums t. Fireballs (albei op SS 10). **Môre: 09:00:** Diamonds t. Aloes; **11:00:** Baobabs t. Sunbirds; **13:00:** Uitspeelstryd; **15:00:** Halfeindstryd 1; **17:00:** Halfeindstryd 2 (albei op SS 10, GDN). **Sondag: 10:00:** Derde plek; **12:00:** Eindstryd (SS 10, GDN).

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.